

Voorwoord



Johan Smit (1943-2016) was vir baie jare een van Suid-Afrika se mees geliefde Christelike skrywers. Hy het dagboeke, Bybelstudies, troosboeke en verskeie boeke oor gebed geskryf. Sy besondere insig in die Woord en erns met God het 'n groot indruk gemaak op sy lesers en gesorg dat sy dagboeke jaar na jaar gewild was.

Met hierdie herdenkingsbundel bring ons graag hulde aan 'n diep gelowige man wat geloofsake met erns maar deernis kon neerpen. Dit is vir ons 'n voorreg om 'n keur van dagstukke uit 'n paar van Johan se topverkopers in hierdie bundel op te neem. Mag die waarhede en insigte hierin vir elke leser 'n inspirasie en kosbare kleinode wees wat vir jare gekoester sal word.

Hierdie bundel word met groot waardering opgedra aan Nina Smit, sy getroue sielsgenoot en eggenoot van meer as 45 jaar.

~ Die uitgewer

Inhoudsopgawe

Januarie

Om God te ken en te volg

Februarie

Gebed

Maart

Die drie-enige God

April

Kies die lewe!

Mei

Die skatkis van Psalms

Junie

Liefde ken geen grense

Julie

Die God van woorde

Augustus

Sleutelwoorde van geloof

September

Die leefstyl van 'n geroepene

Oktober

Gelykenisse: Jesus se raaiselstories

November

Blydskap

Desember

Nabetragting, feestyd en voorskou

Januarie



Om God te ken en te volg

Hoe leer 'n mens God ken? En presies wat bedoel ons met die woordjie “ken”? Om 'n persoon te ken moet jy hom tog seker ontmoet, met hom kommunikeer, gedagtes ruil, 'n profiel van die persoon konstrueer. “Ken” is mos baie meer as toevallig kennis neem van iemand; dit is eerder 'n baie persoonlike en selfs intieme nabywees aan 'n persoon. Kan 'n mens God só leer ken?

God. Met dié Naam word veel meer gesê as wat ons ons kan voorstel. God is Gees. God is alomteenwoordig. God is ewig. Om Hom te ken sal dus anders verloop as om die buurman of 'n vriendin te leer ken. God het 'n andersoortige gesig, 'n bomenslike teenwoordigheid.

Ons sluit hierdie maand aan by die digter van Psalm 19 waar hy God beter leer ken, en in die proses homself ook in 'n nuwe lig te siene kry. Sommer net by voorbaat in kort: Om God werklik te leer ken moet jy na die sterre kyk en die wet onder die knie kry ...

Mag jy 'n nuwe openbaring van 'n wonderlike Skepper-God ervaar. Mag die wet van die Here vir jou rigtinggewende betekenis verkry wat jy daaglik kan toepas.

Loof die God wat my gemaak het

Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep.
Wat U gedoen het, vervul my met verwondering.

~ Psalm 139:14

Wanneer laas het jy die wonder van nuwe lewe aanskou? 'n Klein, volmaakte mensie. Dis veral wanneer daardie mensie jou eie bloedfamilie is dat jy nie anders kan as om deur dié Godswonder oorweldig te word nie. En ons verwonder ons oor God se skeppingsmag en oor sy volmaakte skeppingswerke.

Psalm 139 gee iets weer van die verwondering van die digter oor die manier waarop God by 'n mens se lewe betrokke is. Reeds van voor sy geboorte was God besig om hom te vorm, hom aanmekeer te weef in die skoot van sy moeder. Skepper-God! God van wonders! Maar dit bly nie by 'n skeppingswonder nie; God loop die pad saam met sy skepsel. Hy omsluit my van alle kante (vers 5). My Skepper-God is ook die Een wat my vashou en versorg en bewaar.

Ja, ongelukkig word ook ek en jy prooi van die sondeval. God se volmaakte skeppingswerk word deur sonde belemmer, vermink. Maar dan gebeur die volgende wonder: Ons leer ken ons Skepper-God ook as die Herskepper van gebroke lewens. Jesus Christus het gekom om ons nuut te maak – mense wat na die beeld van God al meer Christusgelykvormig word.

Kom ons sluit vandag by die psalmdigter aan in die loflied aan ons Skepper-God. Staan net weer bewustelik in verwondering oor die wyse waarop God in jou lewe betrokke is. Hy het nie eers by jou bekering op die toneel verskyn nie; Hy was van voor jou geboorte af alreeds besig om die toneel vir jou lewe voor te berei. Hy was nog altyd daar vir jou.

Ons ondeurgrondelike God

Die Here is groot, alle lof kom Hom toe, sy grootheid is ondeurgrondelik.

~ Psalm 145:3

Loof die Here, sy grootheid is ondeurgrondelik! Ek wil vandag net hierdie een woordjie onder jou aandag bring: ondeurgrondelik. Dit beteken onder andere ondeursigtig, onnaspeurlik, onverklaarbaar, geheimnisvol. Ons het verleer om by dié woord stil te raak, eerbiedig te buig in nederige aanbidding. Ons leef in 'n wêreld waar alles verklaar kan word. By feitlik elke item wat jy oor die toonbank koop, kry jy 'n volledige handleiding. Uiteindelik is alles verklaarbaar, uitmekaar-haalbaar. Daarom doen mense alles in hulle vermoë om die geesteswêreld ook te verklaar, deursigtig te maak. Dit is waarom boeke wat die tot nou toe geheimenisse probeer oopbreek soveel aanklank vind. Die sukses van *The Da Vinci Code* en boeke oor die hiernamaals het alles te make met mense se sug na volkome verstaan, die drang daarna om in beheer van sake te wees. Ook in beheer van God?

Maar dit is juis waaroor die lof aan God toekom: Hy is ondeurgrondelik! Hy is nie verklaarbaar nie. Hy is die Groot On sienlike God wat Hom openbaar in sy wonderlike werke. Daarom loof ons Hom in 'n staat van aanbidding. Ons probeer Hom nie verstaan nie; ons erken Hom vir wie Hy is, en ons aanbid Hom met ontsag en dankbaarheid in ons harte.

In Job 11:7-9 word oor ons ondeurgrondelike God gepraat: "Kan jy begryp wie God werklik is? Kan jy die Almagtige ten volle verstaan? Dit is kennis wat hoër is as die hemele. Hoe kan jý daarby uitkom?"

Watter genot!

Dit is goed om tot lof van ons God te sing, dit is 'n genot om die loflied te sing wat Hom toekom. Hy genees die gebrokenes van hart en verbind hulle wonde.

~ Psalm 147:1, 3

Is dit vir jou lékker om vir die Here te sing? Ek het onlangs 'n kooruitvoering van 'n bekende jeugkoor bygewoon, en die geesdrif en vreugde waarmee die kinders gesing het, het my opnuut aangegryp. Ek sien te min daarvan in ons tradisionele kerksang. Ons het die mooiste liedereskats en ons kerkmusiek is van hoogstaande gehalte, maar 'n mens sien so min spontane vreugde wanneer ons lidmate sing. Miskien is dit omdat ons daaraan gewoond geraak het om kerksake werktuiglik af te handel – ons sing en luister onbetrokke.

Hoe is 'n mens betrokke by jou loflied? In Psalm 147 koppel die digter sy lofgedig aan bepaalde weldade van die Here. Hy sing tot lof van die Here wat gebrokenes van hart genees en hulpeloses weer laat opstaan. Dit klink na die genot van 'n gesonde hart wat hier ter sprake is, 'n hart wat deur 'n liefdevolle God en Vader genees is. Was jy miskien by geleentheid 'n hulpelose wat onder die las van omstandighede geswick het? Kan jy met vreugde onthou hoe die Here jou weer opgehelp het en jou voete op 'n rots geplaas het?

Is jou hart gesond? Kan jy daarvan getuig dat die Here jou stukkende hart met sy genesende liefde aangeraak het? Kan jy jou lewenskoers met sekerheid aanpak omdat die Here self vir jou by die hand geneem het? Dan behoort dit vir jou net een groot lekkerte te wees om 'n loflied tot eer van God te sing.